

## DIE GETATOEËERDE „K.”

---

Johannes Truter was 'n jong man van ongeveer vyf-en-twintig jaar, en hy was goed gebou. Op sy kop het 'n pragtige bos ligte krulhare gepryk, en sy skoon en vriendelike gelaat was versierd met twee blou oë, wat daar sag uitsien.

Hy was baie ywerig in sy studies, en toe hy twee-en-twintig jaar oud was, het hy met lof sy B.A.-eksamen afgelê.

Op welmenende aandrang van sy vader moes hy verder studeer om later as advokaat te kwalifiseer.

Hy het buitengewone vordering in dié rigting gemaak, en sou binnekort sy finale eksamen afgelê het, maar toe het hy meteens so 'n afsku in sy voorgenome roeping gekry dat hy een namiddag in sy studeerkamer, onderwyl hy langs sy skryftafel met sy hoof op sy ineengevoude arms op die tafel leun, by homself so redeneer: „Ek kan onmoontlik die beroep van advokaat volg, want dit kom nie in die minste met my gevoelens ooreen nie, omdat ek in die eerste plaas nie welsprekend genoeg daarvoor is nie, en, ten

twede, is dit te veel gemeng met die skadugtige sy van die samelewing, waarin so dikwels moord, egskeiding en bedrog voorkom. Daarom dink ek dat dit verreweg aangenamer sal wees om te boer. As boer kan jy net so 'n nuttige invloed as in enig ander beroep op die samelewing uitoefen; en op 'n plaas kom jy minder in aanraking met sommige van die walglike sedes en gewoontes van vreemde lande hier by ons aan wal gespoel, en wat so welig tier in ons kus- en binnelandse stede, en al langsamerhand die Christelike vooruitgang van ons volk dwarsboom. En al is die boerdery, soos ons weet, aan wisselvallighede en teleurstelling onderhewig, tog is die boer in menig opsig daar beter aan toe, en waar is die beroep wat nie aan wisselvallighede en teleurstelling onderworpe is nie? En sou daar dan nogal so een te vinde wees, dan sou dit nie die moeite werd wees om te beklee nie, want dit is teleurstelling en die rukwinde van beproewing wat die mens louter, en, om nes 'n pasgeplante boompie wat die winde probeer ontwortel, juis daardeur vaster anker, en later wanneer dit 'n reus geword het, die sterkste storms trotseer.”

Onderwyl Johannes so sit en mymer, word daar aan sy deur geklop, en 'n telegram word hom oorhandig waaruit blyk dat sy vader

ernstig siek was, en dat sy onmiddellike teenwoordigheid vereis word.

Hy het toe so goed hy daartoe in staat was, sy sakies gereël, en nog dieselfde aand met die trein vertrek, en die volgende namiddag sy ouerlike woning bereik.

Meneer Hendrik Truter, vader van Johannes, was 'n oppassende en vooruitstrewende boer, en woonagtig op sy eiendom Geduld. Van nature was hy 'n frisgeboude man, en altoos opgeruimd, maar sedert die dood van sy vrou, aan wie hy innig verbonde was, was daar 'n merkbare agteruitgang in hom te bespeur.

Hy het met opreggeteelde skape geboer, want hy was van oordeel dat 'n swakker ras skaap dieselfde sorg vorder as 'n opregte, en die opbrengs is soveel swakker.

Deur nougesette oppasendheid het meneer Truter fluks vorentoe geboer, en soveel hy daartoe in staat was, sorg gedra om uit die hande van geldskieters te bly; maar deur die dood van sy vrou het die boerdery sowel as hyself agteruitgegaan.

Op 'n sekere dag was hy as na gewoonte na een van sy bure om te kuier, en het weens weersomstandighede 'n hewige koue opgedoen wat later ontwikkel het tot longontsteking, en dié siekte, nieteenstaande mediese hulp, het so 'n ernstige wending geneem dat hulle besluit het om aan Johannes te telegrafeer,

daar die dokter van oordeel was dat meneer Truter se toestand uiters kritiek was.

Met Johannes se tuiskoms is hy verwelkom deur die dokter en mej. Helena Uys.

Helena Uys was vader- en moederloos en onderwyseres op 'n plaas aangrensende aan Geduld. Sy was maar tenerig geboud, maar deur haar vriendelike en minsame gesindheid is sy deur almal geag. Haar omgang met haar medemens was natuurlik, en haar kleding was uiters betaamlik; en dit sou 'n wonderlike kontras gevorm het met die hedendaagse kleredrag.

Dit was gedurende haar studietyd dat Johannes met haar kennis gemaak het, wat later daartoe gelei het dat hulle verloof geraak het, alhoewel niemand daarvan geweet het nie, en ook het hulle besluit om hulle voornemings vereers geheim te hou, want Helena sowel as Johannes was daar bewus van dat hulle vaders—toe haar vader nog in die lewe was—weens 'n godsdienstige geskil nie intieme vriende was nie, en moontlik kon hulle planne nou nie die goedkeuring van meneer Truter wegdra nie.

Nadat Johannes die dokter gegroet het, het hy Helena met 'n handdruk begroet, en die vol, van liefde uitstralende oë van albei was 'n bewys dat hulle ontmoeting hartlik was. Dit sou seker nie net by 'n handdruk

gebly het nie, was dit nie vir die teenwoordigheid van 'n derde persoon nie.

„Dit was die minste van my gedagte, Helena, om jou hier te vind,” begin Johannes, „want ek het gemeen dat jy met die skoolvakansie na die kus sou gegaan het.”

„So was my plan eers,” antwoord Helena, „maar 'n groter eer en plesier het my te beurt geval, want op versoek van Dokter is ek nou hier om die verpleegster behulpsaam te wees gedurende oom Hendrik se ongesteldheid—en,” sluit sy, „plig voor plesier.”

„Dan moet ek jou hartlik dank vir jou opofferende liefde.”

Onderwyl Johannes se handsakke en ander reisbenodigdhede deur 'n bediende in sy slaapkamer besorg word, het hy hom tot die dokter gewend en sy toestemming gevra om sy vader te besoek.

„Nee, meneer Truter,” antwoord die dokter, „jy sal nog vir 'n uur of wat geduld moet gebruik, want jou vader slaap nou, en dit sal nie raadsaam wees om hom nou te steur nie. Sy toestand is maar ernstig, en ek ag dit my plig om jou te waarsku om jou vir die ergste voor te berei, want dit skyn asof menslike hulp nie meer daartoe in staat sal wees om hom van die dood terug te hou nie. Die verpleegster sal jou in kennis stel sodra hy ontwaak, en dan moet jy hom nie met onnodige gesprekke vermoei nie.”

Johannes het nie op sy gemak gevoel met die ernstige en onverwagte verklaring van die dokter nie, en ook het hy glad nie 'n alte hoë dunk van die bekwaamheid van die dokter gehad nie.

Die dokter was so 'n lang, donker man, wat maar betreklik jonk was. Sy gelaat was versier(?) met twee pikswart, buitengewoon klein ogies, wat baie na aan mekaar gesit het; 'n klein neusie en twee dik lippe wat sy breë mond nog minder aantreklik gemaak het. Hy het altoos die gewoonte gehad om, as hy met iemand in 'n gesprek verkeer het, met languitgestrekte bene te sit en dan sy hande in sy broeksakke te steek en die persoon met wie hy dan in aanraking is, so skuins onderdeur te beloer, gepaard met 'n smalende glimlaggie, asof hy daarmee te kenne wil gee dat hy die wysheid in pag het en die gehele wêreld in onkunde verkeer; maar onwillekeurig weer by 'n ander die gedagte opwek dat dit nie almal koks is wat lang messe dra nie.

Onder dié omstandighede, onderwyl Johannes se vader slaap, het hy en Helena saam met die dokter plaasgeneem in die sitkamer en intussen aan die gesels geraak.

„Dokter,” so begin Johannes, „ek weet dat dokters in die algemeen 'n renons het in sommige van die so wyd en syd geadverteerde patentmedisynes en gewone boerehuis-

middels, en natuurlik moet dokters beter daartoe in staat wees as die algemene man om 'n oordeel daaroor te vel, en tog sal jy erken dat daar baie gevalle was waar dokters nie geslaag het nie, en die doel bereik is deur gewone huismiddels.”

„Daar glo ek niks van nie,” was Dokter se opgewonde antwoord, „en dié soort van verhaaltjies is maar oorlewering—en van horen-zeggen liegt men veel!”

„Goed, Dokter,” hervat Johannes, „maar nou wil ek jou iets, nie van hoor-sê nie, maar uit eie ondervinding meedeel. Op Klerksdorp in die hospitaal was sekere Bands siek, lydende aan dubbele longontsteking, en die dokter wat hom behandel het, was 'n vriend van hom, en nadat hy alle denkbare pogings aangewend het tot sy herstelling, het hy die aand toe hy die hospitaal verlaat, aan die matrone meegedeel, net soos jy nou aan ons gedaan het, dat die toestand van Bands hope-loos was, en dat hy die lig van die volgende dag nie weer sou sien nie. Ná die vertrek van die dokter het die matrone op eie houtjie gebruik gemaak van die ou beproefde boere-middel wat bestaan uit jenerwer en soetolie, in gelyk dele, en die pasjent alle ure daarvan 'n eetlepelvol toegedien. Dit uitwerking was so toweragtig dat die dokter, toe hy die volgende môre by die hospitaal opdaag om na die toestand van sy pasjent te verneem, was

hy verbaas en die matrone onder 'n ernstige kruisverhoor geneem; maar sy, daar sy bevrees was, omdat sy die hospitaalreëls oorskry het, het die dokter onder die indruk gelaat dat die merkwaardige verbetering van die pasjent aan sy voorgeskrewe medisyne moet toegeskrywe word; en nou vra ek, Dokter, aangesien jy die toestand van my vader as hopeloos beskou, of jy dit nie raadsaam sal ag om die aangehaalde middel voor te skrywe nie?”

„Goed, meneer Truter,” laat Dokter hom ewe sarkasties hoor nadat hy blykbaar aandagtig na Johannes se rede geluister het, „maar ek sal jou darem nie aanraai om daardie toweragtige middel in die geval van jou vader te gebruik nie. Ek sal dit seker nie voorskrywe nie, en as jy so 'n waarde daaraan heg, kan jy dit op jou eie verantwoordelikheid doen; maar ek ag dit my plig om jou te waarsku dat jy die dood van jou vader daardeur sal verhaas. Dokters,” gaan hy voort, „het jare daaraan opgeoffer om 'n noukeurige studie van die menslike gestel te maak, en hulle behoort in ieder geval beter te weet as die kwaksalwers.”

„Behoort beter te weet,” herhaal Helena minsaam, maar met nadruk, „maar jy sal tog darem instem dat daar baie gevalle is waar persone beter behoort te gewees het, maar die teenoorgestelde aan die daglig ge-



bring het. Wellig is dit daaraan toe te skrywe, soos ons ondervinding ons geleer het, dat menig persoon 'n beroep volg waarvoor hy nie bestemd is nie.”

Die dokter het hier 'n bietjie ongemaklik gevoel, daar hy gemeen het dat die opmerking van Helena as 'n raps vir hom bedoel was, en spottend val hy haar in die rede: „Dan volg jy seker die beroep waarvoor jy bestem was, en sodoende maak jy dan seker 'n uitmuntende onderwyseres uit?”

„Nee, Dokter, ver daarvandaan, en heel moontlik volg ek ook, nes baie ander, 'n verkeerde beroep, maar in ieder geval maak my leerlinge darem beter vordering as jou pasjente; maar die vordering van my leerlinge wil ek aan hulle skrandtheid toeskrywe, en die beswyking van jou pasjente aan hulle konstitusionele swakheid. Almal,” gaan sy voort, „is feilbaar, en dit is verreweg verstandiger, wanneer dit vereis word, om dit te erken as om dit te versteek, en sodra 'n mens onder die indruk verkeer dat hy die wysheid in pag het, loop hy gevaar om sy rieme eerder styf te loop as wat hy vermoed het. Maar dit nou daar gelaat. Ek wil jou 'n treffende voorval meedeel: Op Victoria-Wes het 'n sekere meneer Pepler gewoon wat, volgens die oordeel van vyf dokters wat destyds daar gepraktiseer het, gely het aan kanker. Vyf dokters op een dorp klink

'n bietjie hoog, maar destyds was Victoria-Wes baie florerend weens die transportvervoer daaroorheen van Beaufort-Wes na Kimberley en Transvaal, want toe het die trein maar nog net tot op Beaufort-Wes geloop. My oorlede vader het meneer Pepler goed geken en hom ook dikwels besoek, en veral gedurende die tyd toe hy aan die kanker aan sy tong gely het. Die dokters, nadat hulle hom noukeurig ondersoek het, het tot die gevolgtrekking gekom dat sy kwaal ongeneeslik was, en hom aangeraai om 'n spesialiteit in dië Kaap te raadpleeg. Meneer Pepler het geweier, en almal was van oordeel dat hy dit op sy langste nog vir 'n maand of twee kon uithou, want hy kon beswaarlik praat en byna nie eet nie, daar sy tong al byna afgevreet was van die kanker.

„Die eerste Sondag ná die voorval met die dokters het my vader, soos na gewoonte, meneer Pepler 'n besoek gebring. Van die woning van meneer Pepler kon 'n mens op die kerkhof sien, en in hulle gesprek het dit geblyk dat meneer Pepler 'n plan gehad het wat twee maande daarna moes uitgevoer word.

„Mevr. Pepler was ook aanwesig, en merk toe ewe verslae op: ‚Wat, Petrus, oor twee maande? Dan lê jy tussen daardie vier mure,’ en sy wys toe met haar vinger in die rigting van die kerkhof. ‚Nou ja,’ laat hy

geduldig daarop volg, „dan is dit ook tot daarnatoe.’

„Hierdie voorspelling van mevr. Pepler, nes dié van die dokters, was ook verkeerd, want binne die twee maande van hulle gesprek die Sondagmôre het sy haar laaste rusplaas tussen die ‚vier mure’ ingeneem; en na my beste wete lewe meneer Pepler nog.

„Die volgende dag het aan die woning van meneer Pepler ’n ou meid haar verskyning gemaak, en nadat sy gegroet het, het sy haar so uitgedruk: ‚Oubaas, ek het gehoor dat Oubaas so siek is, en ek het ’n raad as Oubaas dit wil gebruik.’

„‚Goed,’ sê meneer Pepler, ‚en wat is dit?’

„‚Oubaas, dit is net gebrande aluin, droë granaatskille en karmedik. Alles moet goed fyn gemaal word en dan in gelyke dele gemeng. Drup dan eers een druppel van die vog van die litjiesmelkbos in die wond en strooi dan die poeier daaroor heen.’

„Meneer Pepler het volkomentlik herstel, en hom later in Franshoek gevestig, waar seker nog baie mense van die voorval weet.”

„Ja,” sê die dokter, onderwyl hy by die venster uitkyk, „daar mag sulke gevalle wees, maar daarmee gaan dit ook nes met spoke: jy hoor van hulle, maar loop hulle darem self nooit op die lyf nie.”

**B**

Hy het toe opgestaan en blyke gegee dat die geselskap hom nie meer aanstaan nie en hom in die rigting van die siekevertrek begewe, en kort daarna teruggekeer, daar meneer Truter nog aan die slaap was. Sy hoed geneem, en met sy rug na Johannes en Helena gekeer, het hy opgemerk: „Sodra die pasjient wakker word, moet julle hom maar van die voorgeskrewe medisyne gee, en in ieder geval nie daardie mengsel van jener en gebrande aluin nie. Môre sal ek weer kom, as my dienste nie eerder vereis word nie. Goeiendag,” sê hy kortaf, en hy stap die voordeur uit om met sy motorkar te vertrek.

„Liewe Helena,” sê Johannes toe hy haar omhels, „ons het nog nie eens ’n kansie gehad om met mekaar ’n woordjie te wissel nie; en om te vra hoe dit met jou gaan,” lag hy, „sal onnodig wees, want dit kan ek self sien. Maar het Pa al moontlik iets van ons voor-genome planne agtergekem? Ek het gedurig van jou in my briewe aan hom melding gemaak, maar nog nie definitief geskrywe dat ons verloof is nie.”

„Jou pa, Johannes, weet meer as wat jy dink, want gister het hy nog met my die volgende gesprek gehad: „Ag, Helena, dis tog so lief van jou om my so by te staan in my siekte; ek waardeer dit met ’n innige gevoel van dankbaarheid, en ook is ek daar bewus

van dat jy jou vakansie, in plaas van dit aan die seekus te geniet, opoffer terwille van 'n ou siek man.'

„,Ag, nee, oom Hendrik,' laat ek my toe hoor, ,daaroor moet Oom Oom nie bekommer nie, want dit is vir my 'n plesier, en ook ag ek dit my plig, en veral in tyd van siekte, die laste van my medemens, sover my nietige kragte daartoe in staat is, te lenig.'

„,Maar,' vervolg hy,-,dan is daar nog iets wat my ter harte gaan en in die laaste tyd my baie gekwel het waaroor ek graag met jou wil praat, en dit is, soos jy moontlik sal onthou, dat daar 'n sekere mate van verwydering tussen my en jou oorlede vader bestaan het wat voortgespruit het uit 'n godsdienstige meningsverskil. Somtyds het ons gevoelens maar 'n bietjie hoog geloop, maar ek is tog van oordeel dat ek meer te blameer is as hy. Ons gesprekke is meer deur haat as liefde en verdraagsaamheid gekenmerk, en dit is wat my so hinder; en nou wil ek jou versoek, en as jou broer Kasper ook hier was, aan hom ook, om nie agterdog teenoor my te koester nie en my volkome te vergewe.'

„,Ag, my liewe Oom,' laat ek toe daarop volg, ,die ou geskilletjie behoort jou nooit so te gekwel het nie, en dit het my, nog minder Kasper, ooit gekwel; en as Oom dan meen dat 'n vergifnis moet plaasvind, dan doen ek dit uit die grond van my hart.'

„,Dankie, my beste Helena,’ sê hy met ’n sug van verligting, ,maar daar is nog iets, en dit raak jou en Johannes, waaroor ek ook met jou ’n onderhoud wil hê as jy dit wil toestaan.’

„,Hier moet ek jou sê dat ek maar ’n bietjie skrikkerig gevoel het,” lag sy, ,maar ek het niks laat merk nie, en ewe benoud daarop laat volg: ,Nou ja, oom Hendrik, wat mag dit nogal wees?”

„,My kind,’ antwoord hy, ,uit briewe van Johannes aan my het ek tot die gevolgtrekking gekom dat daar ’n moontlike verstandhouding tussen julle bestaan, en ek mag verkeerd wees, maar as dit so is, hoef jy nie te skroom om dit aan my mee te deel nie.’

„,Hier was ek al weer in ’n moeilikheid, want, volgens ons ooreenkoms, moes ons met niemand oor ons voorgenome planne praat nie; en was dit iemand anders, kon ek dood-eenvoudig geweier het om die onderwerp te bespreek, maar in hierdie geval kon ek niks anders doen nie as om maar met die waarheid voor die dag te kom, en my toe so uitgedruk: ,Allereers, oom Hendrik, sou ek liever nie die onderwerp wou bespreek het nie, want Johannes en ek het besluit om die ,moontlike verstandhouding”, soos Oom dit noem, ver-eers geheim te hou, en . . .’

„,Ag, my kind,’ val jou pa my in die rede, ,wat vandag ’n geheim is, word tog môre,

oormôre geopenbaar, en julle geheim,’ glimlag hy, ,kan darem nie van so ’n ernstige aard wees dat ek as vader van Johannes daaromtrent in die duister moet gelaat word nie.’

„,Nou ja, oom Hendrik,’ besluit ek toe met so ’n verleë glimlaggie, ,dan sal ek maar met die hele mandjie patats voor die dag kom : Johannes en ek is al meer as ses maande verloof.’

„Daarop het jou pa sy oë gesluit, en ek het in die grootste spanning verkeer. ’n Rukkie daarna het hy weer sy oë oopgemaak en sy hand so stadig onder die deken uitgetrek en dit uitgesteek om myne te neem, en hy sê toe, onderwyl daar trane oor sy rooi wange rol : ,My liefste Helena, my wens is vervul ! Vandat ek jou leer ken het—maar ek wou dit nooit laat merk nie—, was dit my vurige verlange en begeerte dat jy die vrou van my liewe Johannes moes word, en nou dank ek my Vader dat my wens vervul is, en ek het ook ’n hartlike begeerte, as dit die wil van my Hemelse Vader is, om langer gespaar te mag word; maar Sy wil geskiede. My kind,’ begin hy weer, ,dit lyk nie vir my dat daar enige baat by die medisyne van die dokter te vind is nie; en was Johannes se liewe moeder nog in die lewe, dan sou dit na alle waarskynlikheid beter met my afgeloop het, want sy het so ’n uitstekende raad teen inflammasie gehad; maar dit het my ontgaan.

Jy moet tog asseblief aan Johannes telegrafeer dat hy dadelik moet kom.”

Die verpleegster het toe haar verskyning gemaak, en meegedeel dat meneer Truter wakker was en na Johannes en Helena verneem.

„Nou toe, Johannes,” stel Helena voor, „gaan groet nou eers jou pa, dan sal ek in die tussentyd die jenewer en soetolie meng, want hy sal seker nie meer die medisyne van die dokter gebruik nie as hy weet dat jy die middel van jou oorlede moeder nog onthou; en ook nie dit alleen nie, maar ek vermoed dat die goed van die dokter te veel slaapdrank bevat. Maar, my allawêreld!” voeg sy by, „ek het skoon vergeet, met die opgewondenheid van die dokter en ons gesprekke, om te vra of jy al geëet het?”

„Dankie, Helena, ek het voldoende voedsel vir die reis saamgebring, en ook het ek so pas in die trein geëet. Hartlik dank.”

Daarop het Johannes hom na die kamer van sy vader begewe, en, soos sy gewoonte was, sy vader met ’n soen gegroet.

„Allawêreld!” begin Johannes, „wat skort nou? Dit lyk vir my of my liewe vader so ’n bietjie ongesteld is, nè? Dit sal netnou regkom, want gelukkig het Pa nooit tabak en drank gebruik nie, en so ’n ou inflammasietjie sal Pa se ystergestel nooit baasraak nie.”



Skynbaar kom die gesprek van Johannes met sy vader 'n bietjie onverskillig voor, maar dit was uitsluitlik bedoel om sy vader op te beur. Van harte was hy besiel met 'n diep gevoel van medelye, maar wat toe onvanpas sou gewees het om dit so uit te druk soos dit menigmaal die geval met een of ander Jobstrooster is wanneer dié 'n sieke besoek en dan uitroep: „Ag, my tyd, hoe bejammer ek jou dat jy so agteruitgaan!”

„My kind,” laat sy vader hom hoor, „ek het soveel as wat ek daartoe in staat was, gestry teen die siekte, maar dit skyn tog of hy die oorhand sal kry.”

„Nog nooit nie, Pa!” laat Johannes hom beslis hoor. „Dis somar pure verbeelding; en vereers sal ons die medisyne van die dokter staak en dan die ou beproefde raad van Moeder weer op die proef stel.”

„Ja, ja,” sê meneer Truter saggies en tevrede, „ek het nog gister met Helena daarvoor gepraat, maar die reseppie van jou moeder het my ontgaan.”

„Dit is 'n mengsel van jenerwer en soetolie, en Helena is besig om dit aan te maak.”

Helena het toe net binnegekome met die opgemaakte reseppie en meneer Truter 'n cetlepelvol daarvan ingegee, om die dosis alle ure daarna te herhaal.

„Ag, hoe anders tog is dit as die dokter se goed,” bevestig meneer Truter nadat hy die

twede lepelvol gebruik het. Jy kan somar bespeur dat dit op jou longe werk, en ek heg so 'n waarde en vertrouwe aan die middel dat ek byna seker is dat, met die seën van die Liewen-Heer, ek daar baat by sal vind.”

En hy het ook, want tienuur die aand was daar al 'n merkwaardige verbetering in die siekkamer te bespeur.

Die volgende oggend, toe die dokter sy verskyning maak om sy pasjent 'n besoek te bring, was hy met sy binnekom in die siek-vertrek meer as verslae met die in die ooglopende verandering wat hy bespeur het; en nadat hy die pols van sy pasjent gevoel het, het hy sy lippe opmekaar gepers as teken van voldoening.

„Ek moet jou felisiteer, meneer Truter, want jy is die brug nou oor. Gedra jou nou maar stil en rustig, en oor 'n rukkie sal jy in staat wees om jou bed te verlaat.”

Daarna het die dokter hom na die sitkamer begewe, 'n ander preskripsie uitgeskrywe, dit aan Helena oorhandig en daarby gevoeg: „Daar is 'n merkwaardige verandering in die siekkamer te bespeur, waarop ek trots is; en watter treurige gevolge sou jy nie moontlik vandag belewe het nie as ek gister malkop genoeg was om daardie middel van julle wat uit jenewerbessies en granaatwortels—of wat was dit nou weer?—moes bestaan het, voor te skrywe? Maar dit behoort vir julle

’n les. te wees.” En daarop het die dokter weer sy lippe op mekaar gepers, gegroet en hoogs tevrede vertrek; want hy was daar bewus van dat Helena se woorde van gister oor sy pasjente maar alte waar was, en dat dikwels al die misslae van sy medisyne met aarde bedek is.

Die volgende dag was meneer Truter so beter dat hy in sy bed gesit het. Die vensters was opgeskuiwe, maar die deure wat na die vertrek gelei het, was dig om die ventilasie so te reguleer dat dit nie ’n onnodige trek deur die siekkamer kon veroorsaak nie.

Nadat alles op die werf versorg was, het Johannes hom by sy vader gevoeg en voor sy bed plaasgeneem.

Die gesprek met Helena ’n paar dae gelede het meneer Truter weer te binne geval, en met so ’n droë laggie begin hy: „Johannes, daardie plan van jou en Helena wat jy so sorgvuldig vir my weggesteek het, het tog uitgelek. Ek vergewe jou volkomelik, want jy het seker een of ander rede daarvoor gehad, hoewel dit darem onnodig was. Helena het my alles van julle planne vertel, en ek waardeer die vertrouwe wat sy in my gestel het. Julle-voornemings dra my goedkeuring en seënwense weg. En het julle al besluit oor die bevestiging van julle huwelik?”

„Pa,” antwoord Johannes, „alles hang van Helena af; en dan wil ek Pa nog verder

meedeel wat ek vertrou Pa se goedkeuring mag wegdra: Ek het besluit om my in die vervolg maar by die boerdery te bepaal, want dit het vir my duidelik geword dat ek as regsgeleerde 'n verkeerde beroep sal volg; in die eerste plaas meen ek dat ek nie welsprekend genoeg is nie, en ten tweede, sien ek nie kans om 'n duiwel as 'n engel voor te stel en teen jou beter wete in reg te laat skipbreuk ly en onreg te laat seëvier nie. Nie dat ek hiermee wil beweer dat al die regsgeleerdes van so 'n kalieber is nie—ver daarvandaan—, want intendeel is ek daar bewus van dat duisende regsgeleerdes liever 'n saak sou wil verloor as om hulle siel te verkoop as dit in die kruisverhoor sou blyk dat hulle onwetend 'n skurk verdedig.”

„Nou ja, Johannes,” laat sy vader tevrede daarop volg, „wat sal dit help om 'n beroep te volg waarvoor jy voel dat jy nie geskik is nie—en dan nog teen jou sin ook? En met boerdery kan 'n mens net so goed vorder as met enige ander bedryf. Toe maar, my kind, dit is goed; maar as al die mense,” argumenteer sy vader verder, „jou sienswyse sou toegedaan wees, dan sou almal moet boer of iets anders doen; en dit sal nie stryk nie, want dan bly die betrekking van regsgeleerde vakant. Ek het al met regsgeleerdes in aanraking gekom wat 'n voorbeeld van eerlikheid is, en ook met boere van wie ek dit nie

kon sê nie. Maar hiermee wil ek nie beweer dat al die regsgeleerdes eerlik en al die boere skurke is nie. En tog erken ek dat daar baie waarheid in jou argument steek, en ek meen dit daaraan toe te skrywe dat so baie mense in die maatskaplike samelewing 'n verkeerde beroep volg; en omdat iemand dan ongeskik is vir die werk wat hy moet waarneem, slinkse draaie maak wat 'n ander wat wel vir so 'n beroep bestemd is, nie nodig het nie. En tog, weer, tref jy persone aan wat wel geskik is vir die beroep wat hulle volg, en hulle tog skuldig maak aan growwe onreëlmatigheid.”

„Die persone in die geskiedenis,” las Johannes in, „wat uitgeblink het en nog uitblink, of dit nou 'n regsgeleerde, geestelike of polietikus of wat ook al was of mag wees, was altoos gekenmerk deur 'n hoofkaraktertrek, nl. eerlikheid: en dit is die grondslag van alles. Enige onderneming wat nie op eerlikheid gefondeer is nie, sal vroeër of later 'n mislukking blyk; en tog floreer die oneerlikes ook.”

„Skynbaar ja,” lig sy vader in, „maar dit hang af van wat 'n mens ‚floreer’ noem. Baie eerlike mense wie dit nie so danig voor die wind gaan nie, word ontmoedig deur die welvaart van diegene wat hulle skatte vergader ten koste van die bloed en sweet van 'n ander. Maar dit moet ons nie ontmoedig nie, want wat so baie mense ongelukkig maak

in hulle worsteling om 'n bestaan, is die verkeerde opvatting wat hulle omtrent die florerende toestand van 'n ander koester. En dit herinner my aan 'n voorval jare gelede in Kaapstad. As uitgenodigde was ek teenwoordig by 'n onthaal aan die woning van een van die sogenaamde ryk here. Die woning was 'n groot en kosbare, genestel te midde van sierlike grasperke, blomme van alle geur en kleur, en verder omring met kunsmatig geplante sierbome. Daarbinne was dit verruklik, en aan goud en silwer het dit nie ontbreek nie. Daar is gedrink en gedans, terwyl 'n orkes die musiek verskaf het. Almal was in hulle glorie en het dit blykbaar baie geniet ook, maar vir my het dit maar 'n bietjie losbandig voorgekom en onwillekeurig by my die gedagte laat posvat: „Hoe wonderlik tog is die weë van die Heer! Hier heers die grootste uitbundigheid onder mense wat maar blykbaar min aandag aan die toekoms en die verantwoordelikheid van hulle onsterflike siele skenk, terwyl daar in die agterbuurtes net sulke wesens verkeer wat God wellig op hulle knieë vir die voedsel van die dag en ook vir Sy ondeurgrondelike verlossingsplan dank.’ Ses maande daarna,” gaan meneer Truter voort, „was dieselfde gebou, met al sy prag en praal, onder die hamer as gevolg van 'n diep ingrypende be-

drog wat die eienaar daarvan gepleeg het, en wat verder nog tot egskeiding ontwikkel het.”

Saggies word aan die deur geklop, en Helena kom binne met 'n skinkbord met koek en tee. Johannes het dadelik opgestaan en dit in ontvangs geneem, en aan sy vader en Helena gepresenteer en hom daarna self gehelp.

Helena het naas Johannes plaasgeneem en vir die soveelste maal haar blydschap uitgespreek oor die wonderlike en steeds toeneemende beterskap van oom Hendrik; maar sy het hom vermaan om hom nie te veel met gesels te vermoei nie.

„Ag, my kind,” protesteer oom Hendrik, „dit sal darem nie so groot saak maak nie, en ek hoop van harte dat ek oor 'n paar dae in staat sal wees om my vervelige bed te verlaat.”

Twee maande ná hierdie voorval was oom Hendrik soos na gewoonte besig om toesig te hou oor die boerdery, terwyl Johannes en Helena hulle witbroodsdae aan die seekus geniet het.

Oom Hendrik het al verlangend na hulle tuiskoms uitgesien, want Johannes, soos die plan was, sou in die vervolg die boerdery waarneem; en ook het oom Hendrik Johannes se verandering van beroepskeuse van harte toegejuig.

Met hulle tuiskoms het oom Hendrik hulle van harte verwelkom, en kort daarna 'n ooreenkoms met Johannes gesluit om die boerdery oor te neem; „want,” sê hy skertsend, „as advokaat mag jy nie welsprekend genoeg wees nie, maar as boerseun is jy sterk en ondernemend genoeg om van die boerdery 'n sukses te maak, en met behulp van Helena sal Geduld dit netnou gewaar dat hy van baas verander het.”

„En wie weet,” merk Johannes laggend op, „dat ons Geduld, met al ons ywer en goeie verwagtings, nog moontlik eendag sal moet verlaat onder omstandighede waarvan ons nooit gedroom het nie.”

Oom Hendrik en Helena het altwee oor Johannes se opmerking gelag, daar hulle wis dat hy niks daarmee bedoel het nie; maar het Johannes geweet wat sy voorspelling, in ligsinnige onwetendheid geuit en wat maar as 'n grap bedoel was, vir hom in sy later leeftyd sou beteken het, dan sou hy dit voorwaar nie met 'n lag gesê het nie. Maar gelukkig bly die toekoms 'n geslote boek, en gaan ons die wel of wee daarin opgeslote onwetend tegemoet.

Helena, soos kan verwag word, het die huishoudelike bestuur op haar geneem, en met liefde, spaarsaamheid, oppassendheid en haar minsame en vriendelike geaardheid, het



haar taak sowel vir haarself, haar man en haar vader, 'n genot en plesier geword.

'n Jaar ná die huwelik van Johannes en Helena, is die egpaar, tot innerlike blydskap van oom Hendrik, met tweelingdogtertjies geseën.

Gewoonlik trek tweelingkinders na mekaar, maar in hierdie geval was dit 'n uitsondering op die reël; want die een dogtertjie het ligte hare en blou ogies en 'n appelronde gesiggie gehad, en die ander enetjie het weer, net soos haar moeder, swart hare, swart ogies en 'n langwerpige gesiggie gehad.

Dat aldrie in hulle skik was met die vermeerdering van die famielie, spreek vanself; en toe die kindertjies sterker geword het, was dit Oupa se grootste genot om altweetjies tegelyk op sy skoot vas te hou.

'n Maand ná hulle geboorte het die doopsplegtigheid plaasgevind in die kerk. Die enetjie met die ligte hare het Martha, na Johannes se moeder, geheet; en die ander enetjie Maria, na Helena se moeder.

„Dis nou darem opmerklik,” merk Oupa op, „dat ons twee dogtertjies nou juis na die vriendinne van die Here Jesus moet heet, en mag hulle tog net so voorbeeldig word as wat Maria en Martha was.”

Die Sondagaand, ná hulle tuiskoms van die kinderdoop en gewone huisgodsdien, was

Oupa, Helena en Johannes in 'n gesprek gewikkel wat ontstaan het uit die dooppreek van die dag, waarin die dominee met alle eenvoudigheid maar oortuiging ons kinderdoop verduidelik het volgens die voorskrifte van Gods Woord en die sektariese dwaalleer daaromtrent aan die kaak gestel.

„Pa, ek wonder nou,” begin Johannes, „of die dominee nie vandag, toe hy so te velde getrek het teen die sektes, te ver gegaan het nie?”

„En sou al die sektes,” voeg Helena daaraan toe, „dan verkeerd wees, en die drie Hollandse kerke alleen reg wees wat die doop betref?”

„Die dominee,” antwoord Oupa, „het volkomelik reg en ooreenkomstig Gods Woord geredeneer, en myns insiens nog te min gesê. Ek glo wel dat daar tere Christene onder die sektariese genootskappe is, maar ook is ek daar oortuig van dat Jas 'n groot rol onder hulle speel, en . . . .” maar hy word deur Helena in die rede geval, wat verwonderd en nuuskierig verneem:

„Maar wie is Jas dan, Pa?”

„Die duiwel, my kind; en dié naam het die oumense hom vanmelewe gegee, en 'n baie gepaste ook, want nes 'n jas 'n vuil en verplunderde pak klere aan 'n persoon kan dek en hom dan 'n aansienlike vertoning verskaf,

net so stel Jas hom voor as 'n ,engel des lichts.' Toe ek nog jonk was,” gaan hy voort, „was ek een aand in 'n biduur, en daar het ek in die stilte, tot my skande, en dit nogal op my knieë, soveel kaskenades verkoop dat my maters hulle sakdoeke in hulle monde moes prop om 'n onbedwingbare lag te versmoor. Toe was dit in Jas se kraam, en ek kan my voorstel hoe in sy skik hy toe met my moes gewees het—as lid van 'n kerk wat so onomwonde sy listige aanvalle die gemeentelede voor oë en die dwaalleer wat hy so kunstig bewerkstellig, probeer verydel. Maar toe ek later die Here Jesus as my Verlosser aangeneem het, toe het dit Jas glad nie aangestaan nie, en toe het hy 'n ander plan gemaak en met lis my daaruit probeer kry deur my al die ,verkeerdhede' van die kerk te openbaar. En ongelukkig, of, liewer, gelukkig kom ek juis net in aanraking met 'n Wederdoper, en hy het vir my gou-gou duidelik(?) gemaak hoe verkeerd en onbybels ons kerkstelsel was, soos doop, aanneming en wat dies meer sy. Toe het ek met alle erns en opregtheid aan hom gevra—want ek wou net die kerk verlaat—wat tog die oorsaak was dat hy die kerk verlaat het, en ewe bedaard maar beslis antwoord hy: ,Broer, omdat die kerk duisternis is.' Toe het ek geskrik en hom ernstig versoek om nie verder met my oor die saak te praat nie, daar ek die saak

C

verder vir myself wou uitdink, want in my eenvoudigheid het ek agtergekom dat hier darem 'n skroef los is, en hom dit toegevoeg : „As die kerk duisternis is, kan jy nie reg wees nie; want as jy „lig” is, moes jy nie die kerk verlaat het nie, maar jou lig in die „duisternis” laat skyn het.’ Toe het ek God om wysheid gesmeek; en so goed ek daartoe in staat was, die Skrifte ondersoek en tege-lykertyd in die lig van Gods Woord my op hoogte gestel met die leerstellings van die drie Hollandse Kerke en ander Christelike genootskappe, en insonderheid dié van die sektes, en tot die gevolgtrekking gekom—en dit sê ek vanaand in die krag van my Heer—dat die Evangelie in die wye wêreld nie suiwerder, ooreenkomstig Gods Woord, verkondig word as in die drie Hollandse Kerke in ons vaderland nie. Daar bestaan klein verskilletjies tussen die Nederduits-Gereformeerde of Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk, maar dit is van minder belang. Ons moet nou maar gaan slaap,” eindig meneer Truter, „want dit is al laat, en môre-aand, as julle nie beswaar daarteen het nie, sal ons die onderwerp verder voortsit.”

„Ons sal met genoë,” sê Johannes, „na môre-aand uitsien; en alhoewel ek nog nooit oor die saak so nagedink het nie, is dit duidelik dat die Satan, of Jas, soos Pa hom noem,

’n magtiger rol onder die Christene speel as wat die algemene Christen vermoed.”

Daarop het Johannes en Helena hulle vader ’n goeie nagrus toegewens, en almal het gaan slaap.

Intussen moet ek die leser van hierdie verhaal om verskoning vra as die saak wat hier behandel word nie moontlik in sy of haar smaak val nie, want ek is daar bewus van dat oneindig baie mense nie van sulke onderwerpe hou nie; maar ek ag dit my plig om ook my geringe aandeel daartoe by te dra om die oningelighes te waarsku teen die steeds toenemende dwaalleer wat deur die sektes verkondig word.

Die volgende aand het meneer Truter, volgens belofte, die onderwerp hervat; maar voor hy nog aan die woord was, het Helena hom die volgende vraag gestel: „Pa, ek het wel gister, so goed ek daartoe in staat was, die rede van die dominee aangaande die kinderdoop gevolg; maar dit is nie vir my duidelik hoe dat ons Kerk, volgens die Doopformulier, kan beweer dat die doop in die plaas van die besnydenis gekom het nie.”

„Die Wederdoopers, Apostoliese Broeders en nog ’n paar ander dweep met die doop; maar het jy dan nie ag gegee op die uitleg van die dominee toe hy Kol. 2: 11, 12 behandel het nie? Eers was dit ’n besnydenis wat met hande geskied het, maar nou is dit ’n

,besnydenis des harten', want ons is met Hem deur die doop in die dood begrawe, en dit is duidelik genoeg; en toe God met Abraham, tydens die instelling van die besnydenis, 'n verbond gemaak het, was Isak ag dae, Ismael dertien jaar en Abraham honderd jaar oud, en toe was die leuse van die Almagtige wat dit vandag nog is: ,Aan jou en jou kinders kom die beloftes toe.' Waar kom die doopgesinde dan aan die reg om die kindertjies uit die verbond van God uit te sluit? En dan hou ons ons nog aan die insetting van Johannes die Doper om *met* water te doop, maar die sektes dompel in en staaf hulle bewering dat die woord *Baptizo* uitsluitlik deur indompeling moet vertaal word. Maar hier is hulle ook in die ou pad, want in die Statevertaling word die woord ook deur ,nat maak' en ,was' vertaal. En dan mag volgens hulle sienswyse net uitsluitlik *bekeerde* grootmense gedoop word, niteenstaande die Skrif melding maak van *huisgesinne* wat deur die Apostels gedoop is; en dan verloor hulle nog uit die oog dat Judas, Demas en Simon die Towenaar aldrie gedoop was. Die Wederdopers beweer dat daar nie 'n bevel gegee is dat kindertjies moet gedoop word nie, maar hulle bly in gebreke om te bewys dat dit verbied is. En daar die deurtog deur die Rooi-See 'n tiepe van die doop is, moes die kinders van die Israeliete, as die argumente van die

Wederdopers steek hou, aan die oorkant gebly het, en die Israeliete self moes ingedompel geraak het.”

„Pa se uitleg omtrent die kinderdoop is aanneemlik, maar in sy rede gister het die dominee iets van die Sewedaagse Adventiste ook aangehaal; en alhoewel hulle, net soos die Wederdopers, ook die groot doop toegedaan is, moet ek erken dat ek al verskeie van hulle dienste bygewoon het, en dit was baie indrukwekkend en het met erns en blykbare opregtheid gepaard gegaan,” laat Johannes hom hoor.

„Ja, toe ek nog jonk was,” verduidelik sy vader, „het ek ook uit nuuskierigheid hulle dienste bygewoon, en toe was dit vir my ook, soos jy sê, ‚indrukwekkend’. Maar dit is juis daar waar die gevaar skuil. Toe was die Sewedaagse Adventiste, of Baptiste, maar algemeen bekend as Sabbatariërs, wat op dieselfde neerkom. ‚Sabbatariërs’ was te veel in die oog lopend, en toe het hulle dit maar net met ’n ander naam vernis. Verskeie mense was van oordeel dat dit ’n dwaalleer was wat die Sabbatariërs verkondig het, en later het dit vir my ook duidelik geword, want die laaste bevel wat die Here Jesus gegee het voor Sy hemelvaart: ‚Gaan heen . . . dié wat sal geloof het en gedoop sal wees, sal salig word; maar dié wat nie sal geloof het nie, sal verdoem word,’ word deur hulle op

'n ander manier vertolk. Julle sal ook seker al opgemerk het dat al die sektes daarop uit is om net die eerste deel van daardie teks te verkondig, om dit so aantreklik moontlik te maak, maar die laaste gedeelte—,maar dié wat nie geloof sal het nie, sal verdoem word'—verswyg hulle. En dit is daarin dat die 'indrukwekkendheid' opgeslote lê. As hulle die bevel sou verkondig soos dit in werklikheid deur ons kerke verkondig word, sou hulle oes aanmerklik verswak. Om van die heerlijkheid van die hemel en die geluksaligheid hiernamaals te hoor, is vir die mens strelend; maar om van die teenoorgestelde te verneem, is vir die meeste afstotend. En dit het die sektes lankal agtergekom, met behulp van Jas; en dit is waar hulle hul slag slaan—maar natuurlik op hulle verantwoordelikheid.

„Die Sewedaagse Adventiste het darem hulle geloofsbroeders die Wederdopers (Plymouth Brothers) 'n bietjie verbygespring; en daar hulle op hulle kragte meer staatmaak, nog 'n ander ding by die hand geneem, die Sabbat, of, liever, Wet; want as jy die Tien Gebooie wil nakom, kan jy nie maar so hier en daar na willekeur vir jou 'n ietsie vat om na te kom en die ander verwaarloos nie. Nee, as jy hom in jou eie kragte wil nakom, dan moet jy dit streng na die letter en gees doen—en jy kan nie; en net so min as wat die Vrymesselaars daartoe in staat is om hulle



pligte na te kom, net so min kan die Sewedaagse Adventiste dit doen.”

„Voor Pa dan verder gaan, vertel ons dan eers ’n bietjie van die Vrymesselaars—as Pa dit mag doen—, want ’n mens hoor en lees so baie van dié geheimsinnige liggaam, maar ’n mens word maar nie wyser nie.”

„Ja,” sê Oupa, „dit bring ons nou ’n bietjie van koers af, maar wellig sal dit nie onvanpas wees om ’n paar aanmerkings te maak nie. Maar die geskiedenis verbonde aan Vrymesselary is te lank en te ingewikkeld om nou behandel te word. Daar word dikwels beswaar geopper dat ’n Vrymesselaar nie mag diens doen as ’n kerkdienaar nie; maar om ’n oordeel te vel oor ’n saak waar jy nie kennis van dra nie, is al net so verkeerd as wat dit moontlik verkeerd sou wees as ’n Vrymesselaar die amp van kerkdienaar sou bekleë. Die leerstellings van Vrymesselary kom neer op ’n hoër Christelike lewe, en as ’n Vrymesselaar wil handel en wandel ooreenkomstig die voorskrifte van Vrymesselary, kan hy nie anders as ’n goeie Christen wees nie; maar ongelukkig gaan dit met die Vrymesselaars net soos met die Sewedaagse Adventiste, om in eie krag na te kom wat hulle verkondig. Hierdie aanhaling moet egter nie dien as bemoediging of ontmoediging vir enigeen op die gebied van Vrymesselary nie.

„Om nou terug te kom op ons vorige onderwerp. Dit kom my voor asof die Sewedaagse Adventiste Wet en Genade met mekaar verwar; en aangesien daar so baie Christenbelyers is wat nie kan onderskei tussen Wet en Genade nie, is dit te betreur. Soos ons weet, was die Wet, toe dit ingestel is, so streng dat dit vir die mens onmoontlik was om dit in volkomenheid na te kom; maar die strenge regvaardigheid van God het tog 'n letterlike vervulling daarvan geëis. En die Here Jesus, met 'n menslike liggaam, in sy omwandeling op aarde, het volgens die eis van Sy Vader die Wet volkomenlik vir ons vervul, maar nie verbreek nie, sodat God volkomenlik tevrede was. Getuie daarvan dat die Here Jesus, nadat Hy 'onzer aller ongerechtigheid' wat, volgens Jesaja 53, op Hem aangeloop het, aan 'n vloekhout gedra het en Sy lewe as seël en losprys opgeoffer het, het God drie dae daarna Sy graf ontsluit as bewys dat Hy tevrede was met die verlossingswerk van die Heiland. O, dat ons Hem ken in die krag van Sy opstanding!

„Net soos 'n aardse regter tevrede is om 'n gevangene, nadat hy sy straf uitgedien het, te ontslaan, net so was God tevrede, maar in 'n heiliger sin, toe Hy die graf van Sy Soon ontsluit het.

„As iemand nou volgens die leerstellings van die voorstanders van die Wet sy salig-

heid in eie krag wil uitwerk, dan moet hy die Wet in volkomenheid nakom, en dan kan hy maar die genadeplan opsy skuiwe en onthou dat uit die werking van die Wet niemand geregvaardig sal word nie. Daarenteen, as iemand hom onder die Genadeverbond wil skaar en die Here Jesus met Sy soenverdienste in gees en waarheid as sy Verlosser wil aanneem en die gebooe van ons Heiland wil nakom, soos dit op ondubbelsinnige wyse in ons kerk verkondig word, dan is hy vry van die Wet en sal seker hiernamaals deelagtig word wat vir hom verwerf is deur die dierbare en onfeilbare bloed van Christus.”

„Pa se uitleg,” sê Helena, „is duidelik en ook aanneemlik; maar gister het die dominee ook aangehaal van ’n wanvoorstelling van die doodslaap wat met soveel geesdrif deur die Sewedaagse Adventiste verkondig word. Daaroor sal ek graag meer inligting wil hê, want die gedagte alleen dat iemand ná sy dood in sy graf moet sluimer tot die opstandingsdag, is, om die minste daarvan te sê, sidderend.”

„Ja,” las Johannes aan, „daaromtrent sou ek ook graag meer wil weet, want dan sou al die siele van die gestorwenes sedert die Skepping nog in hulle grafte moet slaap tot die opstanding; en aangesien die Here Jesus die mens in alles gelyk geword het, moet Sy siel dan ook noodwendig met Sy liggaam in

die graf gesluimer het tot God Hem opgewek het.”

„Ek het onlangs,” begin Oupa weer, „’n boek gelees wat deur die Sewedaagse Adventiste uitgegee is en wat volgens hulle sienswyse oor die doodslaap handel. Die tekste wat daarin voorkom om hulle bewering te staaf, het ek sorgvuldig nageslaan, maar dit was nie vir my bevredigend nie; en die tekste wat die teenoorgestelde van hulle bewering bewys, het die skrywer sorgvuldig vermy. Maar Gods Woord werp ’n ander lig op hulle doodslaapteorie. In Prediker lees ons dat, as die mens sterwe, sy liggaam wederkeer tot die aarde, en sy siel tot God, wat dit gegee het. Die God van Abraham, Isak en Jakob is ’n God van die lewende en nie van die dode nie. Toe Moses gesterf het, het God hom in ’n dal begrawe, en niemand het geweet waar die graf was nie; en in die Sendbrief van Judas verduidelik hy dat Michael getwis het met Jas oor die liggaam van Moses. Jas se plan was natuurlik om die doodsbeendere van Moses in die hande van die Israeliete te laat val om afgodediens te bewerkstellig, net soos hy vandag nog doen, om met behulp van die sektes verwarring te veroorsaak; en as die bewering van die Sewedaagse Adventiste steekhou met betrekking tot die doodslaap, dan kon Moses onmoontlik met die Here Jesus op die berg der verheerliking gepraat het.

„Vir die moordenaar aan die kruis het die Here Jesus gesê: ‚Heden sal jy met My in die Paradys wees,’ en hiermee het die Heiland darem seker nie die graf bedoel nie. Petrus vertel ons ’n ander wonderlike ding, en dit het betrekking op die mense wat sedert die Skepping gesterf het en voor die kruisiging van Christus, en dit slaan die bewerings van die sektes aangaande die doodslaap die boom uit. In 1 Pet. 3: 18, 19 lees ons dit: ‚Want Christus . . . die wel is gedood in het vlees, maar levend gemaakt door den Geest; in denwelken Hij ook henen gegaan zijnde den geesten die in de gevangenis zijn, gepredikt heeft.’ Hierdie teks is ’n bietjie moeilik om te verstaan, en verskillende menings word ook daaromtrent uitgespreek, maar seker nie ten gunste van die voorstanders van die doodslaap nie.

„My eie sienswyse daaromtrent is dit, dat Christus, so lank Sy liggaam in die graf gerus het, in die Gees heengegaan het na die geeste wat in daardie bestemde bewaarplaas of gevangenis was—en dit was die geeste van mense wat ongehoorsaam in die dae van Noach was—om die Evangelie aan hulle te verkondig, want daartoe is ook die Evangelie aan die dode verkondig (1 Pet. 4: 6). En die goddelike bedoeling om die Evangelie aan die geeste in die gevangenis te verkondig, het moontlik daarin bestaan dat Christus gesterf

het vir die sonde van die gehele wêreld; en aangesien hulle in hul leeftyd nie van die reddende en reinigende bloed van Christus kon gebruik gemaak het nie, het hulle toe net sowel as die lewende op aarde deur geloof in Christus, dit kon deelagtig word. Maar hierdie bewering kan ek nie juis op grond van Gods Woord staaf nie, en dus moet dit maar gissing bly.”

\* \* \*

Geduld was nou nie juis wat 'n mens 'n mooi plaas sou genoem het nie, daar dit in 'n uitgestrekte vlakte in 'n droë streek geleë was, en net vir veeboerdery geskik. Met saaiery was dit wisselvallig weens die onreëmatige reënval van daardie streke. Vangdamme was daar wel, maar hulle het ook maar leeg geraak gedurende die jaar; en gevolglik was die vee dan afhanklik van water afkomstig uit boorgate. Aan geboue het dit nie ontbreek nie, en ook was die grond verdeel in kampe en goed voorsien van krale en skure vir die vee.

Voor die woonhuis was 'n vrugteboord en groentetuintjie, ommuur met klip. Die woonhuis was netjies en gerieflik, met ag ruim vertrekke, en omring met stoep en veranda, en rondom beplant met rye blougombome. So Geduld was darem een van die aansienlikste plase in daardie geweste.

Die famielie het gelukkig saam gelewe, alhoewel dit met die boerdery, onderworpe aan

ongekende droogtes, nie so voorspoedig gegaan het nie. Tog het hulle die verwagting gekoester dat die reënval mettertyd wel so sal verander as in vroeër jare. Ook het hulle besef dat 'n famielie aaneengeheg deur liefdebande in tyd van teëspoed, daaraan beter toe is as diegene wat wel voorspoed geniet, maar dit ondermyn met twis en tweedrag.

Alhoewel Oupa gedurende sy leeftyd, soveel hy daartoe in staat was, uit die hande van geldskieters probeer bly het, was hy ná die dood van sy vrou met weemoedigheid bevang, wat uit die aard van die saak 'n agteruitgang van sy boerdery veroorsaak het. Met die onkoste verbonde aan die opvoeding van Johannes, was hy genoodsaak om 'n verband van duisend pond op sy grond te sit. En dit, so was sy vertrou, sou wel, noudat Johannes aan die roer van sake staan, spoedig regkom, want sy eie moed en ywer was al aan die afneem.

Martha en Maria het ongemerk opgegroeï, en vandat hulle kon loop, was dit hulle grootste vermaak en genot as hulle maar net met Oupa op die werf kon rondslinger; en toe hulle ouer geword het, Oupa so ver beweeg om saam met hulle voëlnessies te soek, en dan, wanneer dit in hulle smaak geval het, moet Oupa saam met hulle ook wegkruipertjie speel.

Oupa was net so aan hulle verbonde; en as hy moontlik weg van huis was, het hy dadelik na die kinders by sy tuiskoms verneem as hulle hom nie al gewaar en tegemoet gesnel het nie.

Hoe ouer die kinders geword het, des te meer was dit op te merk dat daar 'n hemelsbreë onderskeid in hulle karakters ontwikkel het, wat in later jare nog duideliker geword het met hulle tuiskoms gedurende vakansietyd van 'n opleidingsinrigting waar hulle gestudeer het, om dan later, wanneer hulle die vereiste eksamens afgelê het, nog vir 'n jaar 'n leergang op 'n handeskool te volg.

Op die oog was Martha se voorkoms aansienliker as dié van haar suster, maar haar aansienlikheid het darem 'n bietjie glans verloor deur stuursheid, en daarby was sy hoogmoedig. Op haar kleredrag was sy meer gesteld as Maria. Maria het langsamerhand 'n dieper indruk op haar omgewing as Martha gemaak. Sy was meer terughoudend, en, net soos haar moeder, nederig en ook met meer liefde besiel as haar suster. Nadat Martha en Maria hulle studies voltooi het, het hulle tot innerlike vreugde van Oupa en hulle ouers teruggekeer. Maria het verlangend uitgesien na die oomblik van terugkeer en omhelsing en haar verheug in die vooruitsig van die heerlike plaaslewe van 'n gelukkige famielie.



Martha was van oordeel dat die plaaslewe te eensaam en ook te eentonig was, en eendag in 'n gesprek met haar suster, haar sterk uitgelaat. „Die plaas,” sê sy met so 'n ontvrede trek op haar gelaat, „het vir my alle aantreklikheid verloor noudat ek agtergekom het wat dit beteken om in 'n stad te verkeer. Al is ekself op 'n plaas gebore en daar grootgeword, tog word dit vir my by die dag onverklaarbaarder hoe die plattelandse bevolking dit kan volhou om hulle lewe, so te sê, in eensaamheid te verslyt, daar die stede en dorpe soveel meer aantreklikheid besit; en dan kom die sedes en gewoontes van die platteland ook nie met my verfynde gevoel ooreen nie. Wat ons vader besiel het om boer te word, daar hy met sy talent en opvoeding duisende van ponde in die stede kon vergader het en dit vir ons soveel aangenamer kon maak het, sal vir my 'n raaisel bly tot my jongste dag. En,” voeg sy by, „as die boerdery nou nogal 'n winsgewende onderneming was, kon 'n mens dit min of meer verstaan, maar met die langdurige droogtes, misoeste en siektes, lyk dit vir my asof Pa en Oupa agteruitboer.”

Maria het aandagtig na die redenasie van haar suster geluister, en sy merk toe minsaam op: „Dit is tog wonderlik dat jy en ek as tweelingsusters so ver oor jou aangehaalde

onderwerp moet verskil, want, inteedeel, sou ek weer liever my lewe op 'n plaas wil slyt as in 'n stad of dorp, want hier is dit verreweg vryer en gesonder; en wat jy op 'n plaas self produseer, moet jy ten duurste op 'n dorp koop; en wat die plattelandse samelewing betref, is dit natuurliker en ook nie so gejaag nie. As ons, by voorbeeld, die plattelandse gasvryheid in die stede en dorpe op die proef wil stel, sal ons gou bespeur dat ons in die meeste gevalle na die naaste hotel of losieshuis sal verwys word. En dit neem ek hulle ook nie kwalik nie, want daar lewe die meeste maar van hand tot tand, en alles moet gekoop word. En ook is ek daar oortuig van dat baie van die dorpsbewoners, as hulle 'n bestaan op die platteland sou kon vind, van beroep sou verander.”

„Dan meen jy,” verneem Martha, „dat op die platteland ook nie net so 'n neiging bestaan om na die stede en dorpe te keer nie?”

„Ja, seker, bestaan daar so 'n neiging, waarvan ongelukkig die agterbuurtes van die stede en dorpe voldoende bewys lewer, maar sommige was genoodsaak daartoe deur onvermydelike verliese veroorsaak deur droogtes, verkeerde spekulasies en borgstaan vir vriende. Maar dan is daar ook diegene wat deur luiheid en die oppervlakkige kennis van 'n dorpslewe, verlei word en die armblankevraagstuk nog meer bemoeilik. Op die

platteland, met baie min uitsonderings, is huisgodsdienst nog die reël; maar in die stede en dorpe word dit skroomlik verwaarloos, en geniet die danssaal, teater en rolprentvertonings die voorkeur.”

„Maar,” werp Martha teë, „as die boer uit sy besitting raak, kom hy nie so maklik tot verhaal nie; maar as die dorping vandag sy betrekking verloor, kry hy môre doodeenvoudig weer ’n ander.”

„Daarin stem ek toe, maar as al die boere dan hulle besittings sou verloor, wat word dan van die betrekking van die dorping?”

Martha het die antwoord op Maria se laaste vraag skuldig gebly, en hulle het hulle toe by hulle moeder en Oupa op die stoep gevoeg.

Net toevallig kom Johannes die stoeptrappies op, terug van die dorp, en deel die briewe en koerante wat hy op die pos gekry het, aan hulle eienaars uit. Vir Martha en Maria was daar elk ’n paar briewe, vir Helena een, en ’n koerant vir Oupa.

Oupa het dadelik begin met sy koerant, en Helena was verdiep in die opskrif en kon maar nie wys word wie se handskrif dit was nie. Sy skeur die koevert toe oop om te sien wie die skrywer was, en sy merk toe met groot verwondering dat dit ’n brief van haar broer Kasper was.

D

Johannes, met sy terugkoms van binne, het naas Helena plaasgeneem en, met sy arm om haar lyf geslaan, vra hy : „En toe, Ma, van watter jongkêrel het jy nou weer 'n brief gekry?”

„Kyk, Pa, dit is 'n brief van Kasper!” Sedert die geboorte van haar kinders het sy Johannes altoos as Pa en sy vader as Oupa aangespreek.

„Dit is wonderlik,” merk Johannes op, „want dis al seker in die twintig jaar dat ons laas iets van hom verneem het. En wat is die inhoud nogal?”

„Wag, ek sal lees,” willig Helena in, en sy deel vir Oupa, wat verdiep in sy koerant was en hulle gesprek nie gevolg het nie, die nuus mee.

„Wat?” sê Oupa verwonderd onderwyl hy sy bril afhaal en die koerant opsy sit, „'n brief van Kasper? My tyd! ek het baie dae al gedink dat hy moontlik al kon dood gewees het, omdat ons nooit van hom hoor nie. So?” sê hy ewe ingedagte. „Dan leef hy gelukkig nog? Nou toe, my kind, lees dan maar dat ons hoor wat hy skrywe.”

En daarop begin Helena die brief voorlees :—

„Liewe Suster,—Met my gedurige rondreis wat veroorsaak word deur my uitgestrekte besigheid, soos die koop en verkoop van lewende hawe, eiendomme en wat dies meer

sy, het ek so terloops in die Hotel Victoria op Johannesburg na 'n gesprek omtrent julle geluister waaruit ek verstaan het dat jy met Johannes Truter getroud is. Gelukkige Helena! In my kinderjare het Johannes altoos 'n baie diep indruk op my gemaak. Ook het ek verneem dat julle huwelik met twee liewe welopgevoede dogters geseën is; en dat die dierbare ou siel, oom Hendrik, ook nog lewe, en dat hy nog so jonk en sterk daar uitsien. Hoe het my hart tog nie gebrand en innerlik verlang om julle almal, en veral my liewe suster, weer te sien nie! Nou sal jy na alle waarskynlikheid vra: „Maar waarom het jy dan nooit van jou laat hoor nie?” My antwoord, my liewe suster, is maar net: „Besigheid! besigheid! en nogmaals besigheid.” Min tyd om te skrywe en baie minder om te kuier. Maar nou moet ek 'n seker persoon wat hom daar in julle geweste ophou, opspoor—ook alweer besigheid! En dan sal ek so 'n stukkie tyd uitknip om julle 'n vlugtige besoekie te bring. Julle kan my binnekort verwag, maar dan moet julle darem in ieder geval nie te veel van my l'astelike tyd vorder nie, want ek sal moontlik nie langer as een of twee dae kan vertoef nie.

„Ek is nog ongetroud, en kon ek maar so 'n brawe vrou as wat jy 'n man het, op die lyf loop, dan trou ek môre.

„Gee my hartlike groete aan oom Hendrik, Johannes, julle liewe twee dogters, en wees jyself in liefde van my gegroet.

Jou verlangende broer,

KASPER.”

„My tyd,” sê Johannes, „dit het ek nou nooit kon droom dat ons vandag ’n brief van Kasper sou ontvang nie. Maar van waar skrywe hy?”

Weer word die brief oopgemaak, maar die plek van afsending was nie daarin vermeld nie, en ook was die poskantoorstempel op die koevert so onduidelik dat die verlangde inligting ook nie daardeur kon verstrekk word nie.

„Nou, dit maak ook nie so groot saak nie,” merk Oupa op, „en dit sal hy self verskaf as hy kom. Dit sal darem regte aangenaam wees om hom weer te ontmoet. Maar, Helena, hoe lank is Kasper al weg?”

„Oupa, dit is nou net vier-en-twintig jaar, want Johannes en ek is al een-en-twintig jaar getroud, en drie jaar voor ons huwelik het Kasper vertrek.”

Net ’n week ná die ontvangs van Kasper se brief het hy sy verskyning voor Oupa se woning met ’n splinternuwe motorkar gemaak.

Kasper was kort en sterk gebou; sy hare en baard was lig; twee lewendige blou oë, met innemende gelaatstrekke; sy voorkome was uiters vriendelik, en met 'n hartlike lag kon hy hom met die grootste vrymoedigheid voordoen. Sy kleredrag was smaakvol en na die nuutste snit en ook van die beste stoffasie. In ieder onderbaadjiesak het hy 'n horlosie, bevestig aan 'n swaar, goue ketting, gehad; en op die middelvinger van sy regterhand het 'n pragtige diamant in 'n goue ring gefonkel.

Die famielie het op die stoep gestaan om Kasper te verwelkom, behalwe Johannes, wat na die motorkar gegaan het om hom daar te ontmoet.

„Dag, Kasper,” groet Johannes onderwyl hy sy hand uitsteek, „ons is regtig bly om jou na so 'n lang afwesigheid weer te ontmoet.”

„Dag, ou broer,” groet Kasper terug met 'n geweldige handdruk, en hy klop Johannes op die skouer met sy linkerhand, „en ek nie minder nie. Allawêreld, ou kêrel, jy sien daar kapitaal uit. Wat die ongeluk,” vervolg hy met 'n skaterlag, „vang julle aan dat julle so blymoedig en gesond daar uit-sien?”

Lag-lag stap hy die stoeptrappies op om die ander famielielede ook te groet.

„Dag, my oom Hendrik,” en hy lag nog en gee oom Hendrik 'n hartlike handdruk.

„Dit lyk vir my asof my lieue Oom nie plan het om ouer te word nie, want Oom lyk maar nog net soos ek Oom laas gesien het.”

„Nee, Kasper,” protesteer Oupa onderwyl hy Kasper se hand saggies druk, „die skyn bedrieg maar alte dikwels,” en hy bly so ’n oomblikkie stil. „Ek kan dit goed gewaarword dat ek ook al ou kant toe raak.”

Die eerste deel van Oupa se sin het ’n bietjie die wind uit Kasper se seile geneem, en dit het gelyk asof Kasper nie heeltemal op sy gemak gevoel het nie; maar nadat Oupa die laaste deel van sy sin aangevul het, het hy weer op stryk gekom, en Helena met ’n hartlike soen omhels en sy blydschap uitgespreek dat dit die Algoede behaag het dat hulle mekaar nog in die land der lewende mag ontmoet. Daarna het Helena haar dogters, Martha en Maria, aan hulle oom voorgestel.

„Allawêreld, Marthatjie,” sê hy toe hy haar met ’n soen groet, „hier val dit nie moeilik om jou as ’n famielielid van my te herken nie.” En toe hy Mariatjie, soos hy haar genoem het, groet, merk hy op: „Die ewebeeld van haar lieue moeder! Mag julle tweetjies tog net so lief en dierbaar soos julle goeie ouers wees.”

Nadat hulle klaar gegroet het, het Kasper die sweet van sy voorkop met ’n sysakdoek



afgevee en toe gevoel of sy das nog in orde was, en op uitnodiging van Oupa die voordeur binnegestap. Nadat hy sy hoed aan die kapstok gehang het, het almal in die sitkamer plaasgeneem, en toe het Kasper gesorg dat hy die geselskap besighou en hulle so min moontlik 'n kans gegee om 'n woordjie in te voeg. Die rede daarvoor het maar eers geblyk nadat hy weer vertrek het.

Voordat Helena die ontbyt klaargemaak het, het sy Kasper na 'n vrykamer geneem wat as slaapvertrek gedurende sy verblyf diens moes doen.

Toe hy die kamer binnestap het Kasper vir Helena bedank en sy baadjie uitgetrek; en hy was net besig om sy hempsmoue op te rol, toe hy hom weer bedink en iets anders doen.

Nadat Helena die vertrek verlaat het, hēt Kasper nog 'n goeie tien minute daar vertoef met was en kam en die moontlike stoffies wat met die ry op sy klere gekom het, met 'n borsel af te vee. Daarna het hy soos 'n splinternuwe sikspens die kamer uitgekrom, en in geselskap van Oupa en Johannes, hom na die eetkamer begewe om met die famiele te ontbyt. Ná die ontbyt het Oupa, Johannes en Kasper na die sitkamer gegaan, en daar het Kasper 'n silwersigaretdoos uitgehaal en aan Oupa en Johannes 'n sigaret aangebied, maar